

# LA

## AFTREEFONDS

Verseker jou aftrede

# Breaking News

## DEVELOPMENTS ON THE SALGBC RESTRUCTURING PROPOSAL

Attimenda as sequit volentem terti. Perae enim si...  
doleptatum quam dolorem consequere volentis ut...  
impore iusticia quoniam quam nonsequantur...  
di offic te est, autem ullamque destitit quia sitat...

**SPEZIALE  
UITGAWE**

### Geagte Lede

Ons het ons lede en pensionarisse in Oktober 2020 laas in 'n spesiale nuusbrieff ingelig oor ontwikkelings rondom die Bedingingsraad vir SA Plaaslike Owerhede (SALGBC) se voorstelle oor die herstrukturering van pensioenfondse. Ons het verduidelik wat die fasilitering tussen die partye betrokke by die SALGBC-voorstel gedurende die nasionale inperking tot gevolg gehad het, die Fonds se kommer oor die fasiliteerder se finale voorstel en die gevolglike kollektiewe konsep-ooreenkoms, die Raad se fidusiêre plig in hierdie verband en die Fonds se siening van die beginsel van sogenaamde "Vryheid van Assosiasie".

Indien u nog nie die Fonds se spesiale nuusbrieff van Oktober 2020 gelees het nie, wil ek 'n ernstige beroep rig dat u dit doen. Dit kan op die Fonds se webtuiste ([www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za)) onder die hofies Nuus ("News") en Ledenuus ("Member News") gekry word – gaan na 2020 se nuusbriewe.

**Hierdie nuusbrieff is dus die 2de spesiale uitgawe. Dit is daarop gemik om ons lede verder in te lig oor die bykomende risikos indien die SALGBC se herstruktureringvoorstel deur die partye aanvaar word, veral noudat die Belastingwysigingswet die annuïtisering (maandelikse uitbetalings) van alle voorsorgfonds-aftreevoordele met ingang van 1 Maart 2021 vereis.**

Ons het al ons aktiewe lede in die Fonds se ledenuusbrieff van Februarie 2021 ingelig oor die belastingwysigings wat van krag is vanaf 1 Maart 2021. Ons het ook op 25 Februarie 2021 'n aanlyn webinaar aangebied om die belastingwysigings verder aan ons lede te verduidelik.

### Net om lede te herinner:

#### Lede wat op 1 Maart 2021 jonger as 55 is en in die toekoms uit die LA Aftreefonds tree:

- Sal steeds al hul aftreespaargeld, of hul volledige lidaandeel soos op 28 Februarie 2021 wat in die LA Aftreefonds opgebou is tesame met al die groei op hierdie waarde vanaf 1 Maart 2021 vorentoe, as 'n kontant-enkelbedrag kan neem wanneer hulle aftree. Daarna word verwys as die lid se "Gevestigde Reg".
- Alle bydraes vanaf 1 Maart 2021 (tesame met alle groei daarop) sal egter deel vorm van die lid se "Niegevestigde Reg", en as hierdie gedeelte by aftrede meer as R247 500 bedra, kan die lid slegs 'n maksimum van een derde in kontant neem. Die balans moet gebruik word om 'n pensioen te koop (óf 'n lewende annuïteit binne die Fonds, óf 'n pensioen van 'n geregistreerde finansiële diensteverskaffer).

#### Lede wat op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer is en in die toekoms uit die LA Aftreefonds tree:

Hierdie verandering raak u nie – u sal steeds die opsie hê om al u aftreespaargeld of lidaandeel in kontant te neem wanneer u aftree.

#### Lede wat op 1 Maart 2021 55 jaar of ouer is en in die toekoms na 'n nuwe fonds skuif en daarna aftree:

- Die nuwe fonds sal u oorplasingswaarde aan die gevestigde-reg gedeelte van daardie fonds toedeel. Die oorplasingswaarde (plus alle toe komstige groei daarop) sal as 'n kontant-enkelbedrag beskikbaar wees wanneer u uit die nuwe fonds aftree.
- Al u bydraes tot die nuwe fonds wat sedert u oorplasing opgebou het (tesame met enige groei daarop) sal egter deel vorm van u "Niegevestigde Reg". Indien hierdie gedeelte by aftrede meer as R247 500 is, kan u slegs 'n maksimum van een derde in kontant neem. Die balans moet gebruik word om 'n pensioen te koop.

Die fokus van hierdie skrywe is op hierdie laaste ouderdomsgroep (d.w.s. 55 en ouer op 1.3.2021) gerig, wat gedwing mag word om voor aftrede na 'n ander fonds oor te skuif, sou die partye betrokke by die SALGBC-voorstel die kollektiewe ooreenkoms onderteken. In daardie geval, wees asseblief bewus daarvan dat die gevestigde regte van alle lede in hierdie ouderdomsgroep geraak sal word. Alle bydraes en groei daarop vanaf die datum van oorplasing na die nuwe fonds sal deel vorm van hul niegevestigde regte en hulle sal dus nie geregtig wees daarop om die volle bedrag by aftrede as 'n kontant-enkelbedrag te neem nie. Hoewel die Fonds nie wil argumenteer dat lede by aftrede hoofsaaklik kontant-enkelbedrae moet neem nie, begryp en erken die Raad dat dit 'n lid se eie keuse is.

In plaas daarvan om uit die LA Aftreefonds te tree en hul volle lidaandeel in kontant te neem, sal hierdie lede slegs toegelaat word om die gedeelte wat hul gevestigde reg verteenwoordig, in kontant te neem. 'n Minimum van twee derdes van hul niegevestigde gedeelte sal gebruik moet word om 'n annuïteit of pensioen te koop. Die enigste uitsondering hierop is wanneer die niegevestigde balans minder as R247 500 is. In so 'n geval sal die lid die volle bedrag in kontant kan neem.



### Asanda, 55 jaar oud op 28 Februarie 2021

» R1 miljoen lidaandeel = Gevestigde reg

### Asanda tree op 65 uit die LA Aftreefonds

» R1 miljoen lidaandeel plus fondsopbrengs tot 65 + Bydraes vanaf 1.3.2021 tot datum van aftrede + fondsopbrengs tot 65 = Gevestigde reg

**Asanda kan haar volle lidaandeel by aftrede in kontant neem**

**Deel asseblief hierdie inligting met u kollegas by die werk.**

### Joe, 55 jaar op 28 Februarie 2021

» R1 miljoen lidaandeel = Gevestigde reg

### Joe skuif na die XYZ-fonds op ouderdom 60

» R1 miljoen lidaandeel plus fondsopbrengs tot 60 + Bydraes en fondsopbrengs vanaf 1.3.2021 tot 60 = Gevestigde reg

### Joe tree op 65 uit die XYZ-fonds

» Gevestigde reg plus fondsopbrengs tot 65 + Bydraes vanaf ouderdom 60 tot 65, plus fondsopbrengs = R600 000 = Niegevestigde reg

**Joe kan sy gevestigde reg in kontant neem. Hy kan slegs 'n maksimum van R200 000 van sy niegevestigde reg in kontant neem (d.w.s. 1/3 van R600 000). Hy moet R400 000 gebruik om 'n pensioen te koop.**



**Danie Carstens**  
Voorsitter

**Trustees:** Mnr. DL Carstens (Voorsitter),  
Me. M van Zyl (Ondervoorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack,  
Mnr. J Jacobs, Mnr. VWR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg,  
**Hoofbeampte:** Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark,  
Twist Straat, Bellville, 7530 • WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)  
Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za  
www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2

